MIDSTREAM RIDGE
EXCELLENTIA

# RAKER

Respek / Respect
Authentic / Oorspronklik
Kreatief / Creative
Kommunikasie / Communication
Entoesiasme / Enthusiastic
Responsibility / Verantwoordelikheid

> OM JOU BESTE TE KAN GEE, MOET JY RUS

## Uit die Hoof se Kantoor

Dankbaar, dankbaarder, dankbaarste, is die gevoel aan die einde van 'n uiters bedrywige eerste kwartaal van 2023. Ons kyk met genoegdoening en dankbaarheid terug op die suksesse en fantastiese prestasies wat behaal is. Dankie aan elke leeder, ouer en onderwyser wat bygedra het tot 'n onvergeetlike kwartaal. Gryp die komende rustyd met beide hande aan en geniet die wegbreek van die skoolbedrywighede.

Juffrou Teegan Janse van Rensburg verlaat ons aan die einde van die kwartaal. Sy laat 'n leemte agter en ons wens haar sterkte toe vir haar nuwe avontuur in Nederland.

Juffrou Natasha Hollander, wat reeds aan MRP bekend is, neem die leisels by haar oor.

## INLIGTING

### Inleidende Studiemetode-Kursus

Klik asseblief op die skakel vir meer inligting rakende 'n inleidende studiemetode-kursus wat hoofsaaklik vir graad 4-leerders aangebied word. Indien u belangstel dat u kind die kursus bywoon, voltooi asseblief die skeurstrokie en stuur voor of op 17 Maart terug.

**Studievaardighede**

### Rapporte

Graad 1 tot Graad 7 leerders se rapporte sal om 12:00, op Vrydag, 17 Maart, op Ed-Admin beskikbaar wees.

Intersenfase Rapporte - Let asseblief op die persentasie per vak om die gemiddeld te bereken:

- 20 % Huistaal
- 20 % Wiskunde
- 15 % EAT
- 15 % Wetenskap
- 10 % Aardrykskunde
- 10 % Geskiedenis
- 5 % Robotika & Tegnologie
- 5 % Rekenaars

Ouers is welkom om vanaf Woensdag, 12 April, afsprake vir die Ouermiddag van 17 April, te maak.

| Klerewinkel-Vakansietye Maart / April 2023 | |
|---|---|
| 17 Maart | 08:00 – 17:00 |
| 18 Maart – 4 April | Gesluit |
| 5 & 6 April | 08:00 – 16:00 |
| 7 – 10 April | Gesluit |
| 11 April | 08:00 – 17:00 |
| Vir dringende navrae skakel 064 937 0551 | |

## AANSOEKE VIR GRAAD 1 - 2024

Ouers word versoek om asseblief graad 1-aansoeke vir 2024 voor die einde van Maart 2023, in te dien. Geen harde kopie of e-pos aansoeke word aanvaar nie. Volg die onderstaande skakel om 'n aanlyn aansoek te voltooi.
Vir enige navrae, kontak asseblief vir Corrie Burger by corrieb@midstreamridgeprimary.co.za of telefonies by 012 940 9122.

**MIDSTREAM RIDGE LAERSKOOL TOELATINGS**

## GRAAD 8-INSKRYWINGS 2024

Graad 8-inskrywings vir 2024 sluit Vrydag, 28 April 2023. Indien u kind by *Midstream College* gaan inskryf, moet u asseblief aanlyn aansoek doen. Besoek asseblief die **Midstream College** webblad vir al die nodige instruksies en die aanlyn toelatingsvorm:
https://www.midstreamcollege.co.za/af/toelatings/

Vir enige toelatings navrae kontak me Carine Cronje by carinec@midstreamcollege.co.za.

### Midstream Ridge "Safari" Opedag

Besoekers kon in 'n heerlike ontspanne atmosfeer van een uitstalling / aktiwiteit na die volgende reis. Baie dankie vir elkeen se bydrae en ondersteuning.
Kompetisies:
Baie geluk aan mev. Iwona Smit, ons gelukkige van die Skryfbehoeftepakket van 2024, wat deur *CW Stationers* geborg is.
Baie geluk aan mev. Prastine Pillay wat die Raai-Hoeveel-Rakkers geskenkpak gewen het.






**SKOOL HEROPEN DV. OP WOENSDAG, 12 APRIL 2023**